

17 Oktober

Skrifgedeelte: Eksodus 18:13-26
Fokusgedeelte: Eksodus 18:19, 20

'n Leier maak leiers in diens van God

Moses was 'n leier by uitnemendheid. Dit word duidelik in sy teenwoordigheid saam met Elia en Jesus op die berg van verheerliking. 'n Ware leier wat sy volk uit Egipte na die beloofde land gelei het. Tog was daar gebreke. Dit wil voorkom asof Moses nie vertrou in sy medemens gehad het nie. Hy wou alles self doen. Self regsprek, alleen mondstuk vir die HERE wees.

Sy skoonpa, Jetro, self 'n priester en 'n man wat God geken het, het dit opgemerk. (In Eksodus 2:18 word Jetro as Rehuel voorgestel, wat letterlik beteken: "vriend van God"). Hoewel hy baie bly was oor al die gebeure tydens die uittog (18:10, 12), het hy die tekortkominge in die leierskap van Moses raakgesien.

As leier moes hy leiers uit die volk maak om in diens van die HERE te staan. Jetro het die raad gegee: Wees jy verteenwoordiger van die volk by God. Maar kry verder bekwame manne om owerstes te wees. Briljant! Hoe eenvoudig is dit nie? 'n Leier moet deleger en vertrou in ander hê. Die kerk van die Here is toegerus met talle hoogs bekwame mense op verskillende terreine en hulle moet hulle in diens van die Here uitleef. Dan bring elkeen sy deel en die kerk groei.

Is dit nie hoekom die kerk ná Pinkster uit sy nate gebars het nie? Die Here Jesus as Verlosser van sy kerk het 'n groep manne bekwaam gemaak. Ons noem hulle apostels. Jesus het hulle deur sy Heilige Gees gelei. Judea, Samaria tot by die uithoeke van die wêreld. 'n Klein groepie met 'n klein begin het oorgegaan om die kerk onder alle nasies, volke en tale te vestig!

Sing: Psalm 63:3 (1936)

Ds. MJ (Tinus) Smidt (Ficksburg)